# LEEF JOU REIS
MET GERRIE PRETORIUS



## 2026 | Namibië

25 September – 05 Oktober 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



# Berei jou voor vir 'n heerlike tyd in Namibië!

Pak lekker lig vir een van die mees opwindende toere op die Leef Jou Reis-kalender waartydens ons een ná die ander hoogtepunte van Namibië beleef. Ons reis vanaf die bedrywige hoofstad, Windhoek, na die panne van die "groot wit plek", Etosha Nasionale Park. Daarna besoek ons die bekoorlike Duitse dorpie Swakopmund en die hawestad Walvisbaai aan die Atlantiese Oseaan. Van die see beweeg ons die binneland in met besoeke aan die Namib-Naukluft Park, Sossusvlei en Dooievlei. Terug aan die kus verken ons Lüderitz en die sandbedekte spookdorp Kolmanskop, voordat ons deur uitgestrekte woestynlandskappe en bergpasse terugkeer na Windhoek – waar ons onvergeetlike Namibië-toer tot 'n einde kom.



## DAG 1: 25 September 2026

### Windhoek

Jou avontuur begin vandag met 'n kort vlug vanaf die OR Tambo Internasionale Lughawe na Windhoek, waar die Leef Jou Reis-span en 'n gemaklike bus jou hartlik verwelkom. Ons boek in by die Mövenpick Hotel, jou elegante tuiste vir die aand, voordat ons die stad met sy lewendige strate, historiese geboue en Duitse invloede ontdek, van karaktervolle kerke tot unieke kafees en bakkerye. Die dag word perfek afgesluit met 'n verwelkomings-ete by die gewilde Joe's Beerhouse, 'n ikoniese kroeg vol nostalgiese versamelstukke, met 'n indrukwekkende bierverskeidenheid en 'n warm, gemoedelike atmosfeer – die ideale begin van jou Namibië-avontuur.

**Ingesluit: Verwelkomings-aandete en drankie**

## DAG 2: 26 September 2026

### Etosha Nasionale Park

Na ontbyt vertrek ons noordwaarts vanaf Windhoek na die wêreldbekende Etosha Nasionale Park, 'n afstand van ongeveer 450 km. Onderweg maak ons 'n welverdiende stop, waar jy kan ontspan en iets lekkers vir die pad koop. Ons kamers is teen 14:00 gereed vir inboek, en intussen kan jy middagete geniet of die omgewing rustig verken. Die kamers lê gerieflik naby die watergat van Okaukuejo-ruskamp, die hart van die reservaat. Etosha, gestig in 1907, was eens een van die grootste parke ter wêreld en bied steeds die kans om pragtige wild te sien. Vanaand kan jy aandete op jou eie in die restaurant geniet en later die diere by die watergat rustig dop hou – 'n betowerende begin van jou Namibië-ervaring.

**Ingesluit: Ontbyt**





## DAG 3: 27 September 2026

### Etosha Nasionale Park

Ons avontuur in die Etosha Nasionale Park duur voort, en vanoggend vertrek ons op 'n wildrit saam met kundige gidse om die beroemde panne te bereik (indien moontlik) – daardie uitgestrekte wit vlaktes wat soos 'n glinsterende see aan die horison lê. Weet egter dis hou bene hou en 'n stywe ent om daar te kom want Etosha is groot. Terwyl ons ry, hou ons ons oë oop vir wild langs die pad.

Ná die besoek aan die panne keer ons terug na die kamp waar ons heerlik langs die swembad kan ontspan en middagete geniet.
Jy kan vanaand weer op n opsionele nagrit gaan of ons kuier bloot rondom die watergat en kyk hoe die diere kom suip. Aandete word op jou eie pas genuttig en daarna kan jy weer langs die watergat stelling inneem.

**Ingesluit: Ontbyt**



# DAG 4: 28 September 2026

## Walvisbaai / Swakopmund

Ná 'n heerlike ontbyt vertrek ons van Etosha en ry suid in die rigting van Swakopmund en Walvisbaai. Ons stop langs die pad om bene te rek en koffie te drink. Vandaar ry ons verder suid na die hart van die woestyn by Walvisbaai. Indien daar flaminke by die meer is, stop ons eers vir 'n foto. Vanaand gaan ons heerlik tuis in ou Leef Jou Reis-vriende se gemaklike selfsorgchalets. Ons ry ook later deur na Swakopmund vir egte Duitse disse en bier – en vir die sterkes onder ons wag daar 'n das boot-bier en dalk 'n schnaps of Jägermeister ...

**Ingesluit: Ontbyt en aandete met drankie**



# DAG 5: 29 September 2026

## Walvisbaai / Swakpomund

Ons slaap laat en elkeen geniet ontbyt op hul eie pas. Vandag wag daar nóg 'n hoogtepunt op jou in die vorm van 'n luukse katamaranvaart op soek na dolfyne, walvisse en ander seelewe. Ons vaar verby die bekende skiereiland en maak nader kennis met robbe en reuse pelikane. Wie weet – dalk wag daar 'n oester of twee ook op jou? (Neem kennis: Indien die weer nie saamspeel nie, pas ons die tyd van die katamaranvaart aan.)

Terug aan wal (en hopelik droog!) vertrek ons weer na die prentjiemooi Swakopmund met sy ryk Duitse geskiedenis en argitektuur.

**R38,900.00** Per persoon wat deel*
Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag*

Die kristalgalery, wat die grootste kwartskristal ter wêreld huisves, sowel as die bekende leerwinkel wat nog regte vellies verkoop, is ook op die spyskaart. Die res van die dag is joune om Swakopmund op jou eie pas te verken. Dalk wil jy 'n lekker Duitse koffie met apfelstrudel geniet of bloot die strate verken en 'n ligte middagete iewers nuttig.

Ons ontmoet mekaar by die ooreengekome plek en keer terug na Walvisbaai waar ons later die aand 'n heerlike seekosete by die hawe geniet om 'n besonderse dag op 'n hoogtepunt af te sluit.

**Ingesluit: Ontbyt, vonkelwyn en happies en aandete met drankie**

*** Afhangend van die weer moet ons dalk aktiwiteite omruil.**
**Die LJR-span sal jou egter deurgaans op hoogte hou.**

# DAG 6: 30 September 2026

## Namib-Naukluft Park

Vroegoggend vat ons die pad suid deur die Namib-Naukluft Park. Jou grondpadverkenning begin nou in alle erns, want dit is soos om deur 'n maanlandskap te ry. Ons hou stil vir 'n "veldstop" en rek ons bene voordat ons by woestynlegende Boesman afsaal... maar later meer hieroor. Die span sal jou deeglik inlig oor alles, so wees rustig, maar weet dat dit voorwaar 'n ondervinding gaan wees wat jou altyd sal bybly.

Terug op die pad stop ons by die verlate dorpie Solitaire wat soos 'n toneel uit 'n cowboyfliek lyk. Die bakkery se beroemde appeltert en koffie is 'n moet voordat ons aanbeweeg na ons verblyf vir die nag. Hammerstein Lodge is 'n verruklike oase ná 'n lang, dog opwindende dag.

Ons betrek ons kamers en spoel die stof en woestynsand af, ontspan dan hier in die middel van nêrens met 'n gin en tonic voordat ons aansit vir 'n heerlike aandete.

Onthou om lig te pak – van die kamers is 'n entjie se stap van die restaurant, maar die Leef Jou Reis-span staan altyd gereed om handjie by te sit.

**Ingesluit: Ontbyt, middagete en aandete**





R38,900.00 Per persoon wat deel*
Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag*

# DAG 7: 1 Oktober 2026

## Sossusvlei / Sesriem

Vanoggend is ons vroeg uit die vere want van die bekendste bakens van Namibië wag op ons met 'n besoek aan Sossusvlei en Dooievlei. Die duine van Sossusvlei is van die hoogste en oudste ter wêreld – hoe ouer 'n duin, hoe rooier is sy kleur vanweë die stadige ysteroksidasie.

Fotograwe kan ook gereedstaan om Dooievlei te probeer vasvang – 'n soutpan in die middel van die woestyn tussen die massiewe duine. Terug by ons verblyf kan jy langs die swembad ontspan of bloot 'n bietjie rus. Vanaand geniet ons saam aandete met harte vol mooi herinneringe aan die oudste woestyn ter wêreld.

**Ingesluit: Ontbyt, middagetepakkie en aandete**

# DAG 8: 2 Oktober 2026

## Lüderitz

Ons vertrek vroeg na die pragtige kusdorpie Lüderitz. Oppad daarheen stop ons by een van die oudste hotelle in Namibië waar ons weereens aan heerlike appeltert smul. Volgens ons is hierdie stop 'n toonbeeld van die beste van Namibië. (Onthou: Ons ry op grondpaaie en daar is baie stof – dit is maar hoe die paaie in Namibië lyk – so wees voorbereid daarop!). Aan die rand van die Namib-woestyn ry ons verby Aus, bekend vir die wilde woestynperde wat in die omliggende gebied rondloop.



Hierdie perde, oorspronklik van Afrikaanse rasse, het perfek by die woestynlewe aangepas – en wie weet, dalk is ons gelukkig genoeg om hulle te sien. In Lüderitz aangekom, boek ons in by die Lüderitz Nest Hotel wat uitkyk oor die baai en geniet 'n rustige aand.

**Ingesluit: Ontbyt, middagetepakkie en aandete**

# DAG 9: 3 Oktober 2026

## Lüderitz / Kolmanskop

Vroegoggend neem Asser, ons Lüderitz-gebore gids, ons op 'n besigtigingstoer deur Lüderitz en vertel ons boeiende stories oor die stad se geskiedenis, die Felsenkirche (Rotskerk), Haai-eiland (Shark Island) en ander interessante plekke wat die karakter van Lüderitz uitmaak.

R38,900.00 Per persoon wat deel*
Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag*

Vandaar vertrek ons na nóg 'n Leef Jou Reis-gunsteling: Kolmanskop. Dié vergete spookdorp, verswelg deur die woestyn, was desjare 'n florerende myndorpie. Hier was herehuise, kegelbane, 'n ysfabriek en natuurlik baie stories en legendes.

Ons word vergesel deur kundige gidse om ons meer oor die langvergete dorpie se geskiedenis te vertel. Ná die besoek aan Kolmanskop kan jy sommer 'n koffie en broodjie vir die pad by hul restaurant bestel. Ons bring vanaand by die gesellige Helmeringhausen Hotel deur. Die dorpie self het ontstaan rondom 'n plaas wat in die vroeë 1900's deur 'n Duitse offisier, kaptein Bartholomäus von Helmeringhausen, gevestig is. Hier rus ons uit en geniet 'n rustige aandjie in die hart van die suide, want môreoggend val ons weer vroeg in die pad terug na Windhoek.

**Ingesluit: Ontbyt, middagete en aandete**



## DAG 10: 4 Oktober 2026

### Helmeringhausen / Windhoek

Na ontbyt by Helmeringhausen begin ons die terug rit na Windhoek. Die landskap ontvou stadig – eers oop vlaktes, dan heuwels en uiteindelik bergpasse. Onderweg kan ons by Maltahöhe of Mariental stilhou vir bene rek en 'n laaste koppie koffie. Soos ons nader beweeg aan Windhoek, verander die aarde onder ons wiele en ons avontuur in Namibië kom stadig tot 'n einde.

Vanaand gaan ons weer tuis by die elegante Mövenpick Hotel, waar ons vir oulaas saam 'n heerlike aandete geniet ná 'n lang dag op die pad vol ontdekkings en indrukke. Terwyl die son sak oor die stad en die liggies begin flikker, vier ons die einde van 'n onvergeetlike reis – met goeie geselskap, smaaklike kos en die warmte van nuwe vriendskappe. Mag hierdie aand die perfekte afsluiting wees van 'n toer wat ons harte gevul het met stories om te koester.

## DAG 11: 5 Oktober 2026

### Windhoek

Na ontbyt vertrek ons na die Hosea Kutako Internasionale Lughawe, waar ons met swaar harte van mekaar afskeid neem en terug na Suid-Afrika vlieg. Ons dra egter die kosbare herinneringe van 'n onvergeetlike tyd in hierdie pragtige land met sy unieke mense saam met ons.

Jy is nou deel van 'n eksklusiewe groep wat aan die Leef Jou Reis-familie behoort. Mag die mooi van Namibië jou vir ewig bybly.

# Namibië

25 September – 05 Oktober 2026

**R38,900.00** Per persoon wat deel*
Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag*

## Pakket Sluit In:

- 10 Nagte verblyf met ontbyt
- Lughawevervoer (indien groepsvlugte gebruik word/aankomstye min of meer dieselfde is)
- Busvervoer in Namibië
- Verwelkomingsaandete en drankie by Joe's Beerhouse
- 4 Middagetes
- Ingangs-en bewaringsfooi by Etosha Nasionale Park
- Begeleide wildrit in Etosha Nasionale Park
- Aandete en drankie by Brauhaus Swakopmund
- Luukse katamaranvaart met verversings
- Aandete en drankie by Dockside Grill
- Ingangs-en bewaringsfooi by Sossusvlei
- Privaat retoer vervoer vanaf Sossusvlei na die ingang van Dooievlei
- Toegang by die Kristal Gallery, Swakopmund
- Begeleide toer by Kolmanskop
- Plaaslike gids in Lüderitz
- Alle fooitjies
- Namibiese toergids vergesel die toer van begin tot einde
- Leef Jou Reis-toerleier

## Pakket Sluit Uit:

- Vliegtariewe
- Middagetes en drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Reisversekering
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies

## Dinge Om te Onthou:

- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (5 April 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 2 kilometer deur die dag te stap.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele redes aangepas word.
- Die program sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere in, soos in die brosjure uiteengesit.

# Namibië

25 September – 05 Oktober 2026

**R38,900.00** Per persoon wat deel*
Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag*

## Wat Nou...?

Volg hierdie stappe om jou bespreking te bevestig:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp
082 923 3626.

### STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na 'n droom woestyn vakansie!

Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



# Deposito:

- Jou deposito verseker jou bespreking en jou plek op hierdie wonderlike toer.
- Die deposito van R10,000 is *nie terugverhaalbaar nie en is betaalbaar met hierdie bespreking. *Hou in gedagte dat ons onder verpligting is om deposito's en administrasie fooie aan ons verskaffers te betaal om ons groepbesprekings te waarborg en kan dit nie terugkry nadat dit reeds betaal is nie. Kyk na ons webwerf vir ons volle bepalings en voorwaardes.
- 'n Tweede betaling van R10,000 is betaalbaar teen 28 Februarie 2026. Die volgende betaling van R10 000 is teen 31 Mei 2026 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is teen 30 Julie 2026 betaalbaar.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Ons behou die reg om die program aan te pas weens gebeure buite ons beheer.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: NAM26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

**R38,900.00 Per persoon wat deel* | Enkel kamers slegs beskikbaar op aanvraag***

* SLEGS LANDREËLINGS

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair** At your service! Site IATA www.twf.travel | 0861 777 747 ASATA TWF